
# Welkom by NG The Reeds


## Veilige hawe vir nuwe hoop

## Deelgemaak van Jesus se stamboom: 'n Uitgelewerde slagoffer



Ons begin hierdie diens in die Naam
van die Here, wat gesê het:
“Laat daar Lig wees!” en daar was lig.
Hy wat uit die chaos lewe bring en
uit menslike gebrokenheid
sy verlossingspad laat groei.

Amen


Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en
van Jesus Christus –
die Lig wat in die duisternis skyn –
en van die Heilige Gees
wat ons in God se familie inweef



# Lied 345: 1

Kom, alle getroues,

vrolik en vol vreugde,

o kom in die gees nou na Betlehem!

Loof daardie Kindjie tot ons heil gebore

*kom buig daar in aanbidding,* (3x)

voor Jesus, die Heer.

# L 345:3

Kom, lofsing die Here;

Hy is onse Koning.

Vir ons word Hy mens en

oorwin die dood.

Hy heers met reg in hemel en op aarde –

*buig dankbaar in aanbidding,* (3x)

voor Christus, die Heer!

L 345:4

Kom lofsing die Here,

loof Hom, al wat lewe!

Wees vrolik, besing nou sy majesteit.

In U, Getroue, bly ons ook behoue.

*ons prys U in aanbidding,* (3x)

Gesalfde en Heer!



# ADVENT 2025
# Deelgemaak van Jesus se stamboom

**So. 30 Nov**. - **‘n Uitgelewerde slagoffer**

**So. 7 Des**. – Besoeker

**So. 14 Des**. – ‘n Veragte vreemdeling

**So. 21 Des**. – ‘n Naamlose uitgelewerde “ooilammetjie”

**Do. 25 Des**. – Ons het sy ster sien opkom!





# Genesis 38 &
# Matteus 1:1-3



6 Juda het sy oudste seun Er laat trou met Tamar. 7 Maar Er,
Juda se oudste, was in die oë van die Here 'n slegte man, en die
Here het hom laat sterf. 8 Toe sê Juda vir Onan: “Gaan na jou
broer se weduwee toe, jou skoonsuster, en trou met haar, en
sorg dat daar kinders gebore word vir jou broer.”… Hy wou nie
dat daar kinders vir sy broer gebore word nie. 10 Maar wat
Onan gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here, en Hy
het ook vir hom laat sterf. 11 Toe sê Juda vir sy skoondogter
Tamar: “Gaan terug na jou pa se huis toe en bly daar 'n
weduwee totdat my seun Sela groot is.” Maar Juda het eintlik
gedink: netnou sterf hý ook soos sy broers. Tamar is toe weg en
sy het in haar pa se huis gebly…

13 Daar is aan Tamar vertel dat haar skoonpa na Timna toe
gaan om sy kleinvee te laat skeer. 14 Ondertussen het sy
gemerk dat Sela al groot is, maar dat sy nog nie vir hom as vrou
gegee is nie. Sy het toe haar rouklere tuis gelaat, haar gesig met
'n sluier toegemaak, haar vermom en by die poort van Enajim
langs die Timnapad gaan sit.15 Juda het haar gesien en gedink
sy is 'n prostituut. Haar gesig was mos toegemaak.16 Hy het na
haar toe uitgedraai en vir haar gesê: “Kom! Ek wil met jou
gemeenskap hê!” Hy het nie besef dat dit sy skoondogter is nie.
Toe vra sy vir hom: “Wat sal jy my daarvoor betaal?”17 Hy het
geantwoord: “Ek sal vir jou 'n boklam uit my kudde stuur,” maar
sy sê: “Dan moet jy my solank 'n pand gee.”

18 Toe vra hy: “Wat se pand kan ek jou gee?” Sy het geantwoord:
“Jou seëlring met die ketting en jou kierie.”Hy het dit vir haar gegee
en met haar gemeenskap gehad en sy het swanger geword. 19 Sy is
toe terug huis toe waar sy haar sluier afgehaal en weer haar
rouklere aangetrek het… 24 Drie maande later is aan Juda vertel:
“Jou skoondogter Tamar het haar soos 'n prostituut gedra en is
swanger.” Toe sê hy: “Bring haar uit dat sy kan verbrand word.”25
Maar toe hulle haar wou gaan haal, stuur sy 'n boodskap na haar
skoonpa toe: “Die man aan wie hierdie goed behoort — ek het by
hom swanger geword. Stel vas aan wie hierdie seëlring met die
ketting en die kierie behoort.” 26 Juda het dit herken en gesê: “Sy
is onskuldig, ek nie! Ek moes my seun Sela aan haar as man gegee
het.” Juda het nooit weer met haar gemeenskap gehad nie.

# Elkeen van ons het ‘n storie



**As jy een van  Jakob se seuns moes kies, watter een sou jy kies?**

Hoort Juda se storie enigsins in die Bybel?





# Tamar - ’n Uitgelewerde slagoffer

- Twee keer weduwee;
- Kantlyn toe geskuif;
- Misbruik & ontneem van haar reg en waardigheid.



# Tamar - ’n Uitgelewerde slagoffer

Sy het GEEN opsies nie

- Slagoffer van ‘n gebroke stelsel...
- ... en ‘n gebroke man

# Juda – ‘n arrogante skeinheilige skoonpa



# Juda – ‘n arrogante skeinheilige skoonpa

- Hy bedrieg;
- Ontduik verant-woordelikheid
- Erken nie skuld;
- Kyk verby mens-waardigheid



# Die oomblik van waarheid

# die oomblik van lig

*“Sy is meer regverdig as ek.”*


Dan kom die werklik skokkende:
GOD SKRYF JUDA EN TAMAR SE STORIE IN
JESUS SE STAMBOOM IN

**Matteus 1**

1. Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham:

2. Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, en Jakob van Juda en sy broers; 3. Juda was die vader van Peres en Serag by **Tamar**, …

“Hierdie storie, haar pyn, haar onreg, haar optrede maar ook sy arrogansie, skeinheiligheid —

- dis deel van my Seun se verlede;
- Ek skaam My nie daarvoor nie;
- Ek bou My verlossingsplan dáárdeur.”

# Wat is die punt dat Juda en Tamar deelgemaak is van Jesus se stamboom?

God kies dié wat niemand sou kies nie



# Japannese kunsvorm - **kintsugi**



Wat is die punt dat Juda en Tamar deelgemaak is van Jesus se stamboom?

Jesus se geslagsregister spel genade



# Wat is die punt dat Juda en Tamar deelgemaak is van Jesus se stamboom?



Jesus se geslagsregister verkondig God se nuwe begin

# Wat is die punt dat Tamar deelgemaak is van Jesus se stamboom?



Jesus se geslagsregister verkondig God se nuwe begin


# Elkeen van ons het 'n storie




Die Here nooi ook vir ons om ‘n nuwe begin
te maak met Hom en ook met mekaar!
Advent 2025

# Gebed

[redacted]



# Lied 332: 1

**God se liefde, so oneindig,**

**sien die nood van sondaars raak,**

**en God stuur vir hul die Christus**

**wat van sondaars kinders maak.**

L 332:2




Jesus wys ons hoe sy liefde
liefdeloosheid kan oordek
en in harde menseharte
deernis en geloof kan wek.

# L 332:3

**Heer, ons leef steeds soveel kere**
**of u liefde ons nie raak**
**en vergeet van al u goedheid**
**wat van ons u kinders maak.**

**L 332:4**

**Tot U, Here, klink ons lofsang -**
**oor u liefde wil ons sing**
**en ons wil u liefdesboodskap**
**oor die aarde uit laat kring.**



Die genade van ons Here, Jesus Christus,
Die liefde van God ons Vader
En die teenwoordigheid en gemeenskap
met die HG jou lei ons om self 'n ligdraer te
wees in 'n wereld vol skadu's